# 16 Oktober 2023 - Lesing 154 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

Bestemming van vormchristene – 3/9/60

**NO: 7690** Daar is vir julle mense een moontlikheid om die voltooiing van julle siele op aarde te bereik: **Julle moet in die liefde lewe.** Steeds weer sê Ek vir julle dat julle **slegs deur die liefde** salig kan word. Steeds weer moet Ek My gebooie van liefde vir julle as die mees noodsaaklike voorhou, omdat daar geen vervanging is vir 'n lewe in liefde nie, omdat niks julle kan help om salig te word **as MY gebooie van liefde nie nagekom word nie.**

Daarom kan julle doen wat julle wil. Julle kan oorywerig gebooie nakom wat deur mense gegee is, julle kan alle reëls in ag neem wat vir julle as nodig voorgehou word. Maar julle sal geen tree vêrder kom in julle geestelike ontwikkeling, solank julle die liefde buite beskouing laat nie. Daarom, oorweeg goed as julle iets onderneem **of julle deur die liefde in julle daartoe aangedryf word**, of dat julle slegs gebooie nakom wat aan julle van menslike kant gegee was en dit op geen enkele manier iets met liefdeswerk te make het nie.

Steeds moet julle daaroor nadink wat die aanleiding is van julle denke en handeling en niks moet julle as belangrik aanvaar, waaraan die liefde ontbreek nie. Juis die mense wat hulle konfessioneel gebonde voel is lou in die vervulling van My gebooie van die liefde.

Hulle rig hul aandag **slegs op tradisionele gebruike**. Hulle vervul "pligte" wat vir hulle as belangrik voorgehou word, maar daardeur vergroot dit in geen geval die rypheid van hul siele nie. En hulle sou tog moet weet dat hulle slegs op die aarde vertoef, sodat hul siele tot rypheid kan kom. Steeds weer lê Ek daarop nadruk dat 'n lewe in die liefde onvoorwaardelik nodig is, **dat niks die onbaatsugtige werke in liefde kan vervang nie**. En al is hulle nog so ywerig in die vervulling van die gebooie wat deur mense uitgevaardig is, dit sal nie die geringste sukses vir hul siele kan bring nie.

Daarom is alles waardeloos wat julle mense verrig as die liefde daarby nie bepalend is nie. En as julle sê: "Alles ter ere van God", **hoe kan julle My eer as julle My nie liefhet nie?** En hoe kan julle My liefhê as julle **geen ag slaan op die nood van julle naaste nie**, wie tog julle broeder is? Hoe kan julle God liefhê as die barmhartige naasteliefde by julle ontbreek, **wat die enigste bewys is dat julle My liefhet?**

Julle leef verkeerd as julle julleself gebonde voel aan konfessionele gebruike en sedes, **aan seremonies en pligsvervulling.** Julle verspil lewenskrag wat aan julle deur My geskenk is, sodat julle op aarde geestelike krag kan verwerf en **dit kan slegs deur werke van liefde verwerf word.**

Mense, neem die aardse lewe ernstig op. Leef nie onverskillig vêrder dat julle nie eenmaal daaroor nadink of julle God en Vader wel genoeë kan neem met **dit wat julle alleen aan uiterlikhede nakom**.

Dink daaroor na wat Ek Self van julle sou verlang as Ek weer as mens onder julle sou vertoef, as Ek weer as mens oor die aarde sou gaan.

Glo julle dat Ek vreugde daaraan sou belewe as julle mense vanuit 'n dooie geloof leef? Dat julle slegs meganies dinge doen wat in My Oë nooit waarde kan hê nie? Hoe stel julle mense vir julleself so 'n God en Vader voor?

Hoe kan julle mense My wysheid verenig met dit wat julle opgebou het, wat julle vir julleself voorstel as **kerk van Christus**? Hoe sou Ek welgevalle kan hê aan sedes en gebruike, aan handelinge wat aan julle voorgestel word as "My wil"? **Ek kan en sal My alleen verheug oor hulle wat die werke van liefde verrig**.

Ek sal slegs dit waardeer waarvan liefde die beweegrede is en die siele sal slegs dan tot rypheid kan kom, **as die mens homself omvorm tot liefde**. As hy die eieliefde bestry en homself wy aan onbaatsugtige naasteliefde.

Want dit is die liefde wat by julle ontbreek en wat julle weer julle eie moet maak solank julle op aarde is.

**Julle moet 'n lewe in liefde lei, anders is julle aardse lewe tevergeefs en sal julle nooit julle doel bereik nie**. Amein.